basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## TOERISME

## 2021

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies aandagtig voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

4. Rond jou antwoorde by VRAAG 3.1 tot TWEE desimale plekke af.

5. Toon ALLE stappe van die berekeninge.

6. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

7. Gebruik die puntetoekenning van elke vraag as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoord.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Die tabel hieronder is 'n riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

| AFDELING | ONDERWERP | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| A | Kortvrae | 40 | 20 |
| B | Kaartwerk en Toerbeplanning; Buitelandse Valuta-verhandeling | 50 | 50 |
| C | Toerismebesienswaardighede; Kultuur- en Erfenistoerisme; Bemarking | 50 | 50 |
| D | Toerismesektore; Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme | 30 | 30 |
| E | Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme; Kommunikasie en Kliëntediens | 30 | 30 |
| | **TOTAAL** | **200** | **180** |

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.21 D.

1.1.1 Die Covid-19-pandemie het wêreldwyd reis beperk. Suid-Afrika het … reis eerste toegelaat om die herstel van die toerismebedryf te ondersteun.

A internasionale
B transkontinentale
C interprovinsiale
D intraprovinsiale

1.1.2 Om onder muskietnette by akkommodasie-instellings in tropiese gebiede te slaap, is 'n maatreël om te verhoed dat hierdie siektes opgedoen word:

A Tetanus en Ebola-virus
B Hepatitis A en hepatitis B
C Geelkoors en malaria
D Bilharzia en cholera

1.1.3 Die tydverskil wanneer 'n toeris op die +11-tydsone 'n vriend op die –11-tydsone bel:




A 2 uur
B 0 uur
C 22 uur
D 24 uur

1.1.4 'n Toeris wat verkies om luuks te reis, sal …

A in die middestad in 'n driesterhotel tuisgaan.
B 'n duur en eksklusiewe toerpakket saamstel.
C as deel van 'n groot groep op 'n pakkettoer gaan.
D 'n kamer deel om koste te bespaar.

1.1.5 Die konstruksiewerker hieronder werk vir 'n maatskappy wat 'n nuwe hotel bou. Dit is een manier waarop die vermenigvuldigereffek in werking tree:




A Meer hotelle word gebou, wat die akkommodasiekapasiteit verklein.
B Die stad raak oorbevolk en mense trek na landelike gebiede toe.
C Nadat hy heeldag besig was, gaan die werker huis toe en ontspan.
D Die werker en die supermark verdien geld uit die hotel wat gebou word.

1.1.6 'n Terrein wat deur verskillende argitektoniese style gekenmerk word en inligting oor die Majakultuur verskaf:

A Petra
B Chichen Itza
C Berlynse Muur
D Venesië

1.1.7 Die Groot Muur van China word op hierdie kontinent aangetref:

A Noord-Amerika
B Afrika
C Asië
D Suid-Amerika

1.1.8 Die TOMSA 1%-toerismeheffing word deur hierdie sektore gehef:

A Akkommodasie, motorverhuring en toeroperateurs
B Openbare, privaat en finansiële
C Kos en drank, en besienswaardigheid
D Vervoer, gebeurtenisse en konferensies

1.1.9 Hierdie Wêrelderfenisterrein bevat buitengewone ekologiese en biologiese voorbeelde van fynbosplantegroei:

A Wieg van die Mensdom
B iSimangaliso-vleilandpark
C Kaapse Blommeryk
D Barberton Makhonjwa-bergreeks

1.1.10 Om afslag op 'n toegangskaartjie na die Taj Mahal aan te bied, kan as 'n … beskou word wat tot die sukses van die besienswaardigheid sal bydra.

A ontruimingsplan
B misdaadvoorkomingsmaatreël
C universele toegangsmaatreël
D bemarkingstrategie

1.1.11 Die oplos van etiese uitdagings … in die werkplek.

A bevorder integriteit
B beskryf die vakansie-omgewing
C is deel van die dienskontrak
D stel riglyne vir die kleredragkode

1.1.12 Persoonsversorging ('Grooming') verwys na …

A verbale kommunikasie.
B werksure.
C persoonlike higiëne.
D byvoordele.

1.1.13 Wanneer 'n werknemer onregmatig afgedank word, vorm die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) en die … die basis vir samesprekings tussen die werkgewer, die unie en die werknemer.

A dienskontrak
B huwelikskontrak
C geldige paspoort
D gesondheidsertifikaat

1.1.14 FTT (Fair Trade Tourism) is die organisasie wat verantwoordelik is vir …

A die gradering van akkommodasie-instellings.
B beleidbepaling in die Departement van Toerisme.
C befondsing van beginnerbesighede- en toerisme-KMMO's ('SMMEs').
D sertifisering van volhoubare toerismebesighede.

1.1.15 Verminder, hergebruik, herwin ('reduce, re-use, recycle') is omgewingsbewuste inisiatiewe wat die … ondersteun.

A uitwissing van indringerplante
B aankope van plaaslike produkte
C bestuur van afval
D invloed van Covid-19

1.1.16 Geowegsteek ('Geocaching') is 'n wegkruipertjie-, buitelug-ontspanningsaktiwiteit wat 'n GPS (globale posisioneringstelsel) gebruik om geheime pryse op spesifieke plekke op te spoor.

Wanneer deelnemers van regoor die wêreld na verskillende bestemmings reis om aan geowegsteek('geocaching')-aktiwiteite deel te neem, kan dit as 'n … geklassifiseer word.

A konferensie
B plaaslike gebeurtenis
C fees
D wêreldgebeurtenis

1.1.17 Een regulasie wat gedurende die Covid-19-pandemie in 2020 aan restaurante voorgeskryf is:

A Handhaaf sosiale afstandhouding deur tafels twee meter uit mekaar te rangskik.
B Berei kos buite sig van klante.
C Trek skoene uit voordat die restaurant binnegegaan word.
D Klante moet hulle eie handreinigers voorsien.

1.1.18 Buitelandse markaandeel in toerisme verwys na die …

A persentasie winsdeling met ander belanghebbendes van buitelandse toeriste-aankomste in Suid-Afrika.
B buitelandse inkomste wat verdien word uit alle buitelandse handel, wat invoere en uitvoere insluit.
C persentasie buitelandse toeriste na Suid-Afrika in verhouding met ander kompeterende bestemmings.
D aantal buitelandse maatskappye wat besighede binne die grense van Suid-Afrika bedryf.

1.1.19 Die neiging in die hotelbesettingskoers vanaf Julie tot September vir die tydperk 2018 en 2019 in die tabel hieronder toon ...

| **HOTEL BESETTINGS-KOERS** | **JULIE TOT SEPT. 2018** | **JULIE TOT SEPT. 2019** | **VERSKIL** |
|---|---|---|---|
| | 51,1% | 51,0% | – 0,1% |

A geen verskil in die vraag na hotelakkommodasie nie.
B afname in die vraag na hotelakkommodasie.
C positiewe groei in die vraag na hotelakkommodasie.
D verhoging in reispatrone tussen die twee jaar.

1.1.20 'n Ontevrede toeris gaan na 'n reisagent se kantoor om te kla oor verkeerde reisreëlings.

Die soort kliënteterugvoering wat in hierdie geval gebruik word:

A Aanlyn klagte
B Wettige klagte
C Skriftelike klagte
D Persoonlike klagte (20 x 1) (20)

1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.6 bankaankoopkoers.

| |
|---|
| toeristegids; begroting; paspoort; opsionele ekstras; spesiale behoeftes; reisprogram; enkeltoeslag; besienswaardighede; visum; hepatitis C-inenting |

1.2.1 'n Aanbevole gesondheidsvoorsorgmaatreël

1.2.2 'n Groep toeriste wat as gevolg van godsdienstige redes nie vleis eet nie

1.2.3 'n Uitstappie of aktiwiteit wat nie by die oorspronklike reisprogram ingesluit is nie

1.2.4 Plekke van belang wat deur baie toeriste besoek word

1.2.5 'n Dokument wat deur 'n reisagent saamgestel word en akkommodasie, etes en vervoer insluit (5 x 1) (5)

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 paspoort.

1.3.1 (Rommelbeheer/Lawaaibesoedelingsbeheer) verminder die aankondigings wat by die aankoms- en vertrekterminusse op 'n lughawe gemaak word.

1.3.2 Die (logo/omgewingsbeleid) maak deel uit van 'n toerismebesigheid se handelsmerk ('branding').

1.3.3 (Afslag op reise/Kraamverlof) kan as 'n byvoordeel beskou word vir 'n persoon wat by 'n reisagent werk.

1.3.4 Die oplos van 'n kliënt se klagte is 'n (tegniese/kommunikasie-) vaardigheid.

1.3.5 Maatskappye kan hulle (salarispakette/bemarkingstrategie) verander om die aandag op hulle aanbiedings te vestig wanneer 'n nasionale geleentheid aangebied word. (5 x 1) (5)


1.4 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.6 G.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | Een manier waarop bestemmings omgewingsbewuste toeriste kan lok | A | die riglyne vir Verantwoordelike Toerisme |
| 1.4.2 | Die positiewe en negatiewe invloed van toerisme op plaaslike gemeenskappe, kultuur en erfenis | B | korporatiewe maatskaplike belegging |
| 1.4.3 | Riglyne vir volhoubaarheid in die toerismebedryf | C | omgewingsvriendelike tuinbou |
| 1.4.4 | Niefinansiële ondersteuning wat deur werknemers van toerismebesighede aan die plaaslike gemeenskap gegee word | D | die Covid-19-pandemie |
| 1.4.5 | Die bevordering van inheemse flora en die beheer van uitheemse indringerplante op die terrein en in binnenshuise tuine van 'n hotel | E | die maatskaplike pilaar van die Driedubbele Slotreël |
| | | F | pas die ses beginsels van 'Fair Trade Tourism' toe |

(5 x 1) (5)

1.5 Die prente hieronder toon die verskillende voorsorgmaatreëls wat geneem word om vlugvoosheid te voorkom.

Pas die prente by die voorsorgmaatreëls wat hieronder gegee word. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.5.6 H.




1.5.1 Vermy slaapmedikasie op 'n langafstandvlug.

1.5.2 Neem genoeg vloeistof tydens die vlug in om ontwatering te voorkom.

1.5.3 Eet gesonde etes aan boord.

1.5.4 Bly gedurende 'n langafstandvlug aktief om bloedtoevoer te stimuleer.


1.5.5 Vermy drankies met kafeïne aangesien dit slaappatrone kan beïnvloed. (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSEVALUTA-VERHANDELING**

## VRAAG 2

2.1 Bestudeer die Wêreldtydsonekaart en die inligting wat gegee is en beantwoord die vrae wat volg.



**VEILIGE TERUGKEER VAN SUID-AFRIKAANSE BURGERS**



STAY SAFE
BESKERM SUID-AFRIKA

Die Covid-19-pandemie het in 2020 die hele wêreld beïnvloed. As 'n maatreël om die verspreiding van Covid-19 te stuit, het lande hulle grense gesluit. Baie Suid-Afrikaanse toeriste het gestrande burgers geword (was nie in staat om die land wat hulle besoek het, te verlaat nie) en moes gerepatrieer (teruggebring) word na hulle land van herkoms.

Die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking (DIRCO) het Suid-Afrikaners wat in die buiteland gestrand was, deur die konsulate, ambassades en hoë kommissariate gehelp. Die Suid-Afrikaanse konsulate het vasgestel wie gerepatrieer moes word deur opnames uit te stuur. DIRCO het die repatriasievlugte gereël. Wanneer 'n vlug geskeduleer is, is die reisreëlings via WhatsApp aan die gestrande Suid-Afrikaners deurgegee. 'n Beperkte aantal sitplekke was beskikbaar en ouer persone of dié met mediese of spesiale behoeftes het voorkeur ontvang.

Barry en Elizabeth Dube, 'n bejaarde Suid-Afrikaanse egpaar, was in Maart 2020 gedurende die pandemie in Mauritius met vakansie. Barry ly aan 'n harttoestand en het genoeg medikasie vir die duur van die vakansie gehad. Toe hulle verblyf in Mauritius as gevolg van die pandemie verleng is, het hy gesukkel om sy kroniese medikasie by die plaaslike apteke en klinieke te kry. Daarom moes die paartjie op 30 April 2020 met 'n repatriasievlug na Suid-Afrika terugkeer.

Met hulle aankoms op die OR Tambo Internasionale Lughawe was die lughawe verlate (leeg). Daar was meer polisie- en lughawebeamptes as passasiers. Al die passasiers op die repatriasievlug is met minibussies na die paspoortkontrolepunt en daarna na die bagasieoptelpunt geneem om hulle bagasie te kry. Hulle is daarna in die minibussies na Pretoria vervoer, waar hulle vir die kwarantyntydperk (in afsondering bly) in 'n hotel geakkommodeer is.

[Aangepas uit www.timeslive.co.za en www.dirco.gov.za]

2.1.1 As gevolg van die Covid-19-pandemie en reisbeperkings was die Dube-paartjie in Mauritius gestrand.

Noem TWEE maniere in die uittreksel waarop die ambassades en DIRCO met Suid-Afrikaners wat tydens die Covid-19-pandemie in Mauritius gestrand was, gekommunikeer het. (4)

2.1.2 Bespreek EEN manier waarop ELK van die reisbeperkings (a)–(e) in Mauritius 'n invloed op die Dubes se reisreëlings gehad het.

(a) Reisprogram (2)

(b) Hotelakkommodasie (2)

(c) Voorskrifmedikasie (2)

(d) Begroting (2)

(e) Belastingvrye inkopies (2)

2.2 Bestudeer die vlugrooster hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **SPESIALE REPATRIASIEVLUGROOSTER – 30 APRIL 2020** | | | |
|---|---|---|---|
| **LUGDIENS** | **VERTREK** | **AANKOMS** | **VLIEGTYD** |
| Air Mauritius | Mauritius | Johannesburg | |
| | **?** | 12:00 | 4 uur 30 min. |

2.2.1 Verduidelik EEN rede waarom daar 'n tydverskil tussen Mauritius en Suid-Afrika is. (2)

2.2.2 Bereken hoe laat dit in Mauritius was toe die Dubes om 12:00 op 30 April 2020 in Suid-Afrika aangekom het.

Toon ALLE berekenings. (3)

2.2.3 Bereken die vertrektyd van die repatriasievlug uit Mauritius.

Toon ALLE berekenings. (4)

2.2.4 Dink jy die Dubes sal aan vlugvoosheid ly wanneer hulle in Suid-Afrika land? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

2.2.5 Estelle, 'n vriendin van Londen, het in die Dubes se huis gebly terwyl hulle in Mauritius met vakansie was.

Estelle moes ook op 'n spesiale vlug na Londen terugkeer. Sy het om 19:00 op 24 April 2020 vanaf die OR Tambo Internasionale Lughawe na Londen vertrek. Die vliegtyd was 11 uur.

Die Verenigde Koninkryk pas gedurende hierdie tydperk DBT toe.

Bereken die datum en tyd toe Estelle in Londen aangekom het.

Toon ALLE berekenings. (7)

2.3 2.3.1 Passasiers is direk uit die vliegtuig na minibussies oorgeplaas. Die minibussies het hulle na die paspoortkontrolepunt en toe na die bagasieoptelpunt geneem. Dit is nie die normale bedryfsprosedures op 'n lughawe nie.

Gee EEN rede waarom dit nodig was om die passasiers op hierdie manier te vervoer. (2)

2.3.2 Verduidelik DRIE maniere waarop die repatriasieproses die gesondheid en veiligheid van die Suid-Afrikaanse passasiers verseker het. (6)
**[40]**

**VRAAG 3**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **GELDEENHEID-WISSELKOERSTABEL** | | |
|---|---|---|
| **GELDEENHEID** | **BAK** | **BVK** |
| VS-dollar | 17,33 | 17,65 |

3.1 3.1.1 Voordat die Dubes Suid-Afrika verlaat het, het hulle R50 000 vir USD omgeruil.

Bereken die bedrag wat die Dubes in USD ontvang het. (3)

3.1.2 Toe die Dubes na Suid-Afrika teruggekeer het, het hulle USD62,70 oor gehad.

Bereken die bedrag wat die Dubes sou ontvang het toe hulle die USD vir rand omgeruil het. (3)

3.2 Verduidelik TWEE uitdagings wat die meeste toeriste sou ervaar het toe hulle hulle oorblywende buitelandsegeldeenheidnote met hulle terugkeer na Suid-Afrika wou omruil. (4)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**


**AFDELING C: TOERISMEBESIENSWAARDIGHEDE, KULTUUR- EN ERFENIS-TOERISME, BEMARKING**

**VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die ikone hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**HELP KELLY OM DIE KOMPETISIE TE WEN**

Kelly het vir 'n kompetisie ingeskryf waar sy ikoon A tot D en die land waarin ELKE ikoon in die prent hieronder geleë is, korrek moes identifiseer. Die eerste prys was 'n reis na die geheime ikoon op die agtergrond.




[Bron: Eie ontwerp]

4.1.1 Identifiseer ikoon A tot D en die land waarin ELKE ikoon geleë is. (8)

4.1.2 (a) Identifiseer die geheime ikoon. (2)

(b) Noem die kontinent waar die geheime ikoon geleë is. (2)

4.1.3 Die ikoon wat in VRAAG 4.1.2 geïdentifiseer is, is aanvanklik as 'n fort gebou.

Noem EEN ander doel waarvoor dit deur die jare gebruik is. (2)

4.2 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**EGIPTE BEWAAR SY ERFENIS**

Die ikone in Egipte het nog altyd baie besoekers van regoor die wêreld gelok.

Stygende grondwater bedreig egter die voortbestaan van die ikone. Die soutinhoud van die grondwater is besig om erosie van die fondasies van die antieke strukture te veroorsaak.

Daar is 'n beroep om hulp gedoen om hierdie terreine te bewaar sodat die nageslag dit kan geniet.

Egiptiese owerhede wil strategieë implementeer om die voortgesette sukses van hierdie toeriste-ikone te handhaaf.



Egiptenare heg nie net waarde aan hulle erfenis nie, maar verstaan ook dat hulle erfenis as trekpleister vir toeriste kan dien.

[Aangepas uit www.theguardian.com]

4.2.1 (a) Identifiseer EEN van die bekende ikone waarna in die gevallestudie hierbo verwys word. (2)

(b) Noem die probleem wat hierdie ikoon tans bedreig. (2)

4.2.2 Bespreek TWEE redes waarom die Egiptiese owerhede dit nodig vind om hierdie ikone vir die nageslag te bewaar. (4)

4.2.3 Beveel TWEE maniere aan waarop die Egiptiese owerhede 'n positiewe besoekerservaring kan behou ten spyte van die omgewingskwessies wat in die artikel genoem word. (4)
**[26]**

## VRAAG 5

5.1 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SATOERISME LOODS 'N NUWE VELDTOG TYDENS DIE STAATSREDE ('SONA')**




SAToerisme het tydens die Staatsrede ('SONA') op 13 Februarie 2020 die geleentheid gebruik om hulle wêreld-handelsmerk-bemarkingstrategie te loods. Die wêreldhandelsmerk-strategie is 'n advertensie van 90 sekondes.

President Cyril Ramaphosa het SAToerisme se strategie om teen 2030 die aantal toeriste-aankomste na Suid-Afrika tot 21 miljoen besoekers te vermeerder, by die 'SONA' aangekondig.

Die tema, 'Suid-Afrika, die tuiste van menslikheid' herinner Suid-Afrikaners aan wie ons is. Dit bring die diverse, kleurvolle aard van wie ons as Suid-Afrikaners is, op die voorgrond. SAToerisme glo vas dat slegs reklame nie ons uitdagings sal oplos of voldoende reise na Suid-Afrika sal skep nie. Daar sal van alle Suid-Afrikaners verwag word om die dryfkrag agter die land se toerismepogings te wees.

Die HUB van SAToerisme glo dat die insluiting van ons ware towerkrag, 'ons mense', in hulle nuwe handelsmerkstrategie die weg is om weer hul fokus te vind en hul teikens te bereik.

[Aangepas uit www.bizcommunity.com]

5.1.1 Noem die TWEE internasionale toerismehandelskoue waar SAToerisme Suid-Afrika sal bemark om hulle teiken van 21 miljoen besoekers teen 2030 te bereik. (4)

5.1.2 (a) Noem die eerste strategie van SAToerisme se wêreld-handelsmerk-inisiatief vir 2020. (2)

(b) Verduidelik EEN rede waarom die strategie in jou antwoord op VRAAG 5.1.2(a) suksesvol kan wees om van Suid-Afrika 'n voorkeurbestemming te maak. (2)

5.1.3 Die HUB van SAToerisme het sy vertroue in 'ons mense' geplaas om die dryfkrag agter die land se toerisme te wees.

Bespreek TWEE redes waarom die HUB van SAToerisme sy vertroue in Suid-Afrikaners geplaas het om die toerismebedryf te laat groei. (4)

**[12]**

## VRAAG 6

6.1 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'Ons kulturele en natuurlike erfenis is onvervangbare bronne van lewe en inspirasie. Dit is ons identiteit.'

– Stelling deur UNESCO


[Bron: www.en.unesco.org]

6.1.1 Noem EEN funksie van UNESCO wat met erfenis verband hou. (2)

6.1.2 Verduidelik die rol van UNESCO met betrekking tot Wêreld-erfenisterreine. (2)

6.2 Die foto's in die raam hieronder is vier Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika wat deur 'n groep spesiale-belang-toeriste ('special interest tourists') besoek is.

Bestudeer die foto's in die raam hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Eie ontwerp]

6.2.1 Noem Wêrelderfenisterreine **A** en **B**. (2)

6.2.2 Identifiseer uit die foto's die Wêrelderfenisterrein wat as 'n gemengde erfenisterrein verklaar is.

Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer in jou ANTWOORDEBOEK neer. (2)



6.2.3 Gee TWEE redes waarom Wêrelderfenisterrein **D** van historiese belang is. (4)
**[12]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

## VRAAG 7

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **DIE CONTIKI-RESTAURANT** | |
|---|---|
| Die gesprek tussen die pas aangestelde bestuurder (links) en die eienaar, wat ook die chef van die restaurant is (regs): | |
| **DAG 1 BY DIE WERK** | **DAG 2 BY DIE WERK** |
|   |   |

[Bron: Eie ontwerp]

7.1 Gee EEN rede waarom die eienaar van die restaurant die bestuurder gevra het om sy arms te bedek. (2)

7.2 Dink jy die eienaar se versoek is billik? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (4)


7.3 Noem TWEE maniere waarop die bestuurder negatief op die eienaar se versoek kon gereageer het. (4)
**[10]**

**VRAAG 8**

8.1 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**UNWTO**
**WÊRELD- ETIESE KODE VIR TOERISME**

Die Wêreld- Etiese Kode vir Toerisme (WEKT) bestaan uit tien Artikels. Hierdie Artikels gee leiding aan sleutelrolspelers oor verantwoordelike en volhoubare toerismeontwikkeling. Dit help sleutelrolspelers, bv. regerings, die toerismebedryf, gemeenskappe en toeriste, om die sektor se voordele te maksimaliseer, terwyl negatiewe invloede op die omgewing, kulturele erfenis en gemeenskappe geminimaliseer word.



| ARTIKEL 3 | ARTIKEL 5 |
|---|---|
|  **Toerisme, 'n faktor van volhoubare ontwikkeling** |  **Toerisme, 'n voordelige aktiwiteit vir gasheerlande en gemeenskappe** |
| Toerisme-infrastruktuur en -aktiwiteite moet op so 'n manier ontwerp word dat dit die natuurlike erfenis beskerm om sodoende bedreigde wildspesies te bewaar. | Toerismebeleid moet op so 'n manier toegepas word dat dit sal help om die lewenstandaard van die plaaslike mense te verhoog en in hulle behoeftes te voorsien. |

[Bron: www.unwto.org/global-code-of-ethics-for-tourism]

8.1.1 Identifiseer TWEE rolspelers wat voordeel uit die WEKT sal trek. (2)

8.1.2 Identifiseer die twee pilare van die driedubbele slotreël wat verteenwoordig word deur:

(a) Artikel 3 (2)

(b) Artikel 5 (2)

8.1.3 Verduidelik DRIE maniere waarop Artikel 5 uitbuiting van (voordeel trek uit) gemeenskappe sal voorkom. (6)

8.2 Bestudeer die uittreksel en prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VOLHOUBARE TOERISMEBESIGHEIDSPRAKTYKE**

**Die King-komitee oor Korporatiewe Bestuur (in 1993 gestig)** is verantwoordelik vir die bevordering van etiese besigheidspraktyke. Die King-komitee het verskeie verslae oor die jare, wat as King I, II, III en IV bekend staan, gepubliseer.

King III van 2009 het beklemtoon hoe besighede ten opsigte van hulle finansies, hulle verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap waar hulle besigheid doen en die beskerming van die omgewing, volhoubaar bestuur moet word. King III het die basis gevorm van die driedubbele-slotreël-benadering oor hoe om besigheid te doen.

**DIE PERSONEEL VAN PATELS REISE VESTIG 'N KOSTUIN IN 'N GEMEENSKAP**



[Aangepas uit www.call2care.org.za]

8.2.1 Identifiseer die besigheidskonsep in die prent hierbo wat deur King III aangedryf word. (2)


8.2.2 Noem DRIE uitkomste wat hierdie inisiatief beoog om in die gemeenskap te bereik. (6)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME, KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

## VRAAG 9

9.1 Bestudeer die tekenprent oor wêreldgebeure in Januarie 2020 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit www.reddit.com]

9.1.1 Identifiseer die onvoorsiene wêreldgebeure **A**, **B** en **C** in Januarie 2020. (6)

9.1.2 Bespreek EEN manier waarop onvoorsiene wêreldgebeurtenis **B** ná Maart 2020 'n invloed op die wêreld se toerismebedryf gehad het. (2)

9.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VERTREKINLIGTING BY
DUBAI INTERNASIONALE LUGHAWE MET DIE
UITBREEK VAN DIE COVID-19-PANDEMIE**



| TYD | BESTEMMING | VLUG | HEK | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| 12:39 | LONDEN | BA 903 | 31 | GEKANSELLEER |
| 12:57 | SYDNEY | QF5723 | 27 | GEKANSELLEER |
| 13:08 | TORONTO | AC5984 | 22 | GEKANSELLEER |
| 13:21 | TOKIO | JL 608 | 41 | VERTRAAG |
| 13:37 | HONG KONG | CX5471 | 29 | GEKANSELLEER |
| 13:48 | MADRID | IB3941 | 30 | VERTRAAG |
| 14:19 | BERLYN | LH5021 | 28 | GEKANSELLEER |
| 14:35 | NEW YORK | AA 997 | 11 | GEKANSELLEER |
| 14:54 | PARYS | AF5870 | 23 | VERTRAAG |

[Bron: Eie foto]

9.2.1 Uit die inligting hierbo, verduidelik hoe die uitbreek van Covid-19 die status van internasionale vlugte beïnvloed het. (2)

9.2.2 Gee EEN rede waarom die vlugte hierbo:

(a) Gekanselleer is (2)

(b) Vertraag is (2)

9.2.3 Bespreek DRIE maniere waarop die kansellasie van vlugte die lugdiensbedryf beïnvloed het. (6)

9.3 Bestudeer die inligting hieronder oor Suid-Afrika se buitelandsetoeriste-aankomste in 2019 en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA SE BUITELANDSETOERISTE-AANKOMSTE IN 2019**

| Land | Aankomste |
|---|---|
| VSA | 103 023<br>-1,5%<br>af vanaf 2018 |
| VK | 84 870<br>-2%<br>af vanaf 2018 |
| Duitsland | 57 435<br>-8,4%<br>af vanaf 2018 |
| Nederland | 42 365<br>0,8%<br>op vanaf 2018 |
| Frankryk | 36 507<br>-9,1%<br>af vanaf 2018 |

[Bron: *SATourism Quarterly Performance Report*, 3rd Edition, 2018]

9.3.1 Identifiseer die buitelandse mark wat in 2019 'n positiewe groei getoon het. (2)

9.3.2 In 'n paragraaf, stel DRIE maniere voor waarop SAToerisme, ten spyte van die negatiewe persepsies (manier van dink) wat deur Covid-19 veroorsaak is, buitelandsetoeriste-aankomste na Suid-Afrika kan vermeerder.

**LET WEL:** Jou paragraaf moet fokus op hoe om negatiewe persepsies van Covid-19 te verander en die maatreëls wat deur Suid-Afrika geneem is om toeriste teen infeksie te beskerm. (6)

**[28]**

**VRAAG 10**

Noem EEN webgebaseerde kliënteterugvoeringsmetode. **[2]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**TOERISME**

**2021**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 15 bladsye.**

## INLIGTING AAN NASIENERS

| ONDERWERPE IN DIE TOERISME KABV | | AFKORTING |
|---|---|---|
| Onderwerp 1 | Toerismesektore | TS |
| Onderwerp 2 | Kaartwerk en toerbeplanning | KTB |
| Onderwerp 3 | Toerismebesienswaardighede | TB |
| Onderwerp 4 | Volhoubare en verantwoordelike toerisme | VVT |
| Onderwerp 5 | Plaaslike, streeks- en internasionale toerisme | PSI |
| Onderwerp 6 | Kultuur- en erfenistoerisme | KE |
| Onderwerp 7 | Buitelandse valutaverhandeling | BVV |
| Onderwerp 8 | Kommunikasie en kliëntediens | KK |
| Onderwerp 9 | Bemarking | B |

## AFDELING A: KORTVRAE

VRAAG 1

1.1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | D✓/ intraprovinsiale | KTB | |
| 1.1.2 | C✓/ Geelkoors en malaria | KTB | |
| 1.1.3 | C✓/ 22 uur | KTB | |
| 1.1.4 | B✓/ 'n duur en eksklusiewe toerpakket saamstel. | KTB | |
| 1.1.5 | D✓/ Die werker en die supermark verdien geld uit die hotel wat gebou word. | BVV | |
| 1.1.6 | B✓ / Chichen Itza | TB | |
| 1.1.7 | C✓/ Asië | TB | |
| 1.1.8 | A✓/ Akkommodasie, motorverhuring en toeroperateurs | B | |
| 1.1.9 | C✓/ Kaapse Blommestreek Beskermde Areas | KE | |
| 1.1.10 | D✓/ bemarkingstrategie | TB | |
| 1.1.11 | A✓ / bevorder integriteit | TS | |
| 1.1.12 | C✓ / persoonlike higiëne | TS | |
| 1.1.13 | A✓ / dienskontrak | TS | |
| 1.1.14 | D✓/ sertifisering van volhoubare toerismebesighede. | TS | |
| 1.1.15 | C✓/ bestuur van afval | PSI | |
| 1.1.16 | D✓/ wêreldgebeurtenis | PSI | |
| 1.1.17 | A✓/ Handhaaf sosiale afstandhouding deur tafels twee meter uit mekaar te rangskik. | PSI | |
| 1.1.18 | C✓/ persentasie buitelandse toeriste na Suid-Afrika in verhouding met ander kompeterende bestemmings. | PSI | |
| 1.1.19 | B✓/ afname in die vraag na hotelakkommodasie. | PSI | |
| 1.1.20 | D✓/ Persoonlike klagte | PSI | |
| | | (20x1) | (20) |

1.2

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | hepatitis C inenting ✓ | KTB | |
| 1.2.2 | spesiale behoeftes ✓ | KTB | |
| 1.2.3 | opsionele ekstras ✓ | KTB | |
| 1.2.4 | besienswaardighede✓ | KTB | |
| 1.2.5 | reisprogram✓ | KTB | (5) |

1.3

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Lawaaibesoedelingsbeheer ✓ | TS | |
| 1.3.2 | logo ✓ | TS | |
| 1.3.3 | Afslag op reise ✓ | TS | |
| 1.3.4 | kommunikasie ✓ | TS | |
| 1.3.5 | bemarkingstrategie ✓ | TS | (5) |

| 1.4 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1.4.1 | F✓ / pas die ses beginsels van 'Fair Trade Tourism' toe | VVT | |
| | 1.4.2 | E✓ / die maatskaplike pilaar van die Driedubbele Slotreël | VVT | |
| | 1.4.3 | A✓/ die riglyne vir Verantwoordelike Toerisme | VVT | |
| | 1.4.4 | B✓/ korporatiewe maatskaplike belegging | VVT | |
| | 1.4.5 | C✓/ omgewingsvriendelike tuinbou | VVT | (5) |

| 1.5 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1.5.1 | C✓ | KTB | |
| | 1.5.2 | B✓ | KTB | |
| | 1.5.3 | A✓ | KTB | |
| | 1.5.4 | E✓ | KTB | |
| | 1.5.5 | D✓ | KTB | (5) |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA-VERHANDELING

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 Die ambassades het opnames uitgestuur om die vraag na 'n repatriasievlug te bepaal. ✓✓ **KTB**
DIRCO het die reisreëlings via WhatsApp aan die gestrande Suid-Afrikaners deurgegee. ✓✓ (4)

2.1.2 **(a) Reisprogram** **KTB**
Die res van die beplande reisprogram en aktiwiteite moes gekanselleer word toe die beperkings ingestel is. ✓✓ (2)
- Besienswaardighede wat besoek moes word, is gesluit en reisbeperkings het beteken dat daar aan plaaslike grendeltydregulasies voldoen moes word.
- Daar was 'n verlenging van die oorspronklike reisprogram ten opsigte van die aantal dae in Mauritius.
- Daar sal beperkings wees om met die oorspronklike reisprogram voort te gaan as gevolg van die COVID-19 regulasies in Mauritius.

**(b) Hotelakkommodasie**
Die akkommodasie moes verleng word. ✓✓ (2)
- Die paartjie moes goedkoper hotelakkommodasie soek totdat hulle reisreëlings gefinaliseer kon word.
- Die keuse van akkommodasie is beïnvloed en mag verander afhangende van beperkings en hulpbronne.

**(c) Voorskrifmedikasie**
Mnr. Dube was bekommerd dat hy nie genoeg voorskrifmedikasie vir die duur van sy verblyf sal hê nie.✓✓ (2)
- Medikasie moes vanaf plaaslike apteke/klinieke verkry word.
- Moeilik om medikasie sonder ‘n voorskrif te kry.

**(d) Begroting**
Die Dubes moes al hulle uitgawes terwyl hulle in Mauritius was, heroorweeg. ✓✓ (2)
- Hulle begroting het nie vir die bykomende uitgawes voorsiening gemaak nie.
- Hulle moes die geld, wat begroot was vir aktiwiteite wat nie plaasgevind het nie, vir ander uitgawes gebruik.
- Bykomende fondse vanaf familielede moes in hulle bankrekening inbetaal word.

**(e) Belastingvrye inkopies**
Die belastingvrye winkels op die lughawe in Mauritius was gesluit en daar kon geen inkopies gedoen word nie. ✓✓ (2)
**[14]**

2.2 2.2.1 Die lande is op twee verskillende tydsones geleë.✓✓ KTB (2)

- Mauritius is op UTK +4 tydsone en Suid-Afrika is op UTK +2 tydsone.
- Daar is 'n tydsverskil tussen lande wat op verskillende tydsones geleë is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.2.2 | Suid-Afrika +2 | Mauritius +4 | KTB |
| | Tydsverskil<br><br>Tyd in Mauritius | = 2 uur✓<br>= 12:00 (+✓) 2 uur<br>= 14:00✓ | (3) |
| | **OF**<br><br>14:00✓✓✓ | | |
| 2.2.3 | Suid-Afrika +2 | Mauritius +4 | KTB |
| | Tydsverskil<br>Aankomstyd<br>Vliegtyd<br>Tyd in Mauritius<br><br>Vertrektyd uit Mauritius | = 2 uur<br>= 12:00<br>= 4 uur 30 min<br>= 12:00 +2 uur<br>= 14:00✓<br>14:00 (-✓) 4 uur 30 min✓<br>= 09:30✓ | (4) |
| | **OF** | | |
| | Suid-Afrika +2 | Mauritius +4 | |
| | Tydsverskil<br>Tyd in Mauritius<br><br>Aankomstyd in Suid-Afrika<br>Vliegtyd | = 2 uur<br>= 12:00 +2<br>= 14:00✓<br>= 12:00<br>= 12:00 (-✓) 4 uur 30 min✓<br>= 07:30 | |
| | Vertrektyd uit Mauritius | =07:30 + 2uur tydsverskil<br>=09:30 ✓ | |
| | **OF**<br><br>09:30✓✓✓✓ | | |

2.2.4 Nee, hulle het net oor 2 tydsones gevlieg✓✓ KTB (2)

2.2.5 KTB

| | | |
|---|---|---|
| 2.2.5 | Londen 0 Suid-Afrika +2<br>DBT word in Londen toegepas +1✓ | |
| | Tydsverskil<br><br>Tyd in Londen<br>Vliegtyd<br>Aankomstyd | = 1 uur✓<br>= 19:00(-✓) 1 uur<br>= 18:00✓<br>= 18:00 (+11 uur)✓<br>= 5:00✓ op 25 April 2020✓ |
| | **OF** | |
| | Londen 0 Suid-Afrika +2 | |
| | Tydsverskil<br><br>Tyd in Londen<br>Vliegtyd<br>DBT word in Londen toegepas<br>Aankomstyd | = 2 uur✓<br>= 19:00(-✓) 2 uur<br>= 17:00✓<br>= 17:00 (+11 uur)✓<br>= 4:00 +1 uur✓<br>= 5:00✓ op 25 April 2020✓ |
| | **OF**<br>= 5:00✓✓✓✓✓✓ op 25 April 2020✓ | |

(7)

**[18]**

2.3 2.3.1 **Kontak met ander mense**: sodat die Suid-Afrikaanse passasiers nie in kontak met enige ander mense by die lughawe kom nie. ✓✓ KTB (2)

- **Beperkings op tyd**: passasiers moes so gou as moontlik by hulle kwarantynhotel kom.
- **Sosiale afstand**: hulle is in verskillende mini-bussies vervoer.
- **Verhoed besmetting**: passasiers moes dieselfde ontsmette mini-bussies deur die hele proses gebruik om besmetting te verhoed.
- As gevolg van die risiko dat COVID-19 versprei sal word

2.3.2 **Kontak met ander mense**: is beperk by die lughawens om die risiko van verspreiding van die COVID-19 virus te verhoed. ✓✓ KTB
**Kwarantyn:** Die passasiers is in afsondering geplaas vir die vereiste tydperk nadat hulle in Suid-Afrika aangekom het, om te verseker dat hulle nie COVID-19 positief was nie.✓✓
**Kontrole vir opsporing en naspeuring**: passasiers is as 'n groep op een vlug gehanteer en gesamentlik binne en vanaf die lughawe vervoer en saam in 'n hotel in Pretoria inbespreek om opsporing en naspeuring te vergemaklik. ✓✓ (6)

- Die inkomende vlug is met die strengste moontlike gesondheids- en veiligheidsmaatreëls hanteer om te verseker dat die Suid-Afrikaners nie hulle eie veiligheid en dié van ander in gevaar stel nie.

**[8]**

## VRAAG 3

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | 3.1.1 | ZAR50 000 (÷✓) 17.65✓ =USD2 832,86✓<br><br>**OF**<br><br>USD2 832,86✓✓✓ | BVV | (3) |
| | 3.1.2 | USD62,70 x✓ 17.33✓ =ZAR1 086,59✓<br><br>**OF**<br><br>ZAR1 086,59✓✓✓ | BVV | (3) |

3.2 Hulle kon nie enige FOREX dienste by die lughawe as gevolg van die Grendeltyd gebruik nie. ✓✓ BVV
Tydens die tydperk in kwarantyn, was dit nie moontlik om geld te verwissel nie, al het hulle die geld dringend nodig gehad. ✓✓ (4)

- Die minibussies kon nie stilhou op pad na Pretoria toe nie, omdat die passasiers hoë-risiko gevalle was.

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

## AFDELING C: TOERISME-BESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING

## VRAAG 4

4.1 4.1.1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| A | Sydney Operahuis✓ | Australië✓ | TB | (2) |
| B | Leunende Toring van Pisa✓ | Italië✓ | | (2) |
| C | Machu Picchu✓ | Peru✓ | | (2) |
| D | Buckingham Paleis✓ | Engeland✓ | | (2) |

4.1.2 (a) Alcazar van Segovia✓✓ (2)

(b) Europa ✓✓ (2)

4.1.3 Koninklike paleis✓✓ TB (2)
- tronk
- 'n militêre akademie
- museum

4.2 4.2.1 (a) Groot Piramides van Giza✓✓ TB (2)
- Die Sfinks

(b) Stygende grondwater bedreig hierdie ikone. ✓✓ (2)
Die soutinhoud in die grondwater veroorsaak erosie in die fondasies van die antieke strukture.

4.2.2 Die Egiptenare wil hulle verlede en die hede vir die nageslag bewaar om ook te kan geniet. ✓✓ TB
Die Egiptenare glo dat hierdie ikone 'n geestelike uitbeelding van hulle kultuur en geskiedenis is. ✓✓ (4)
- Die Egiptenare glo dat hierdie ikone wêreldskatte is wat die nageslag ook moet kan ervaar.
- Lok baie besoekers wat positiewe mondelinge advertensie versprei, en dus volhoubare inkomste uit die ikone verseker.

4.2.3 Beperk die aantal daaglikse toeriste na die betrokke areas. ✓✓ TB
Stel die besoekers in kennis van die omgewingskwessies deur begeleide virtuele toere vir besoekers aan te bied.✓✓ (4)
- Verskaf alternatiewe ervarings aan besoekers soos uitstallings wat die ikoon vertoon en aandenkings wat as herinnering aan die ervaring sal dien.
- Maatreëls wat toegepas kan word om die grondwater te beheer sodat besoeke steeds kan plaasvind.

**[26]**

## VRAAG 5

5.1 5.1.1 ITB Berlyn✓✓ **B**
World Travel Market✓✓ / Wêreldreismark (4)
- WTM

5.1.2 (a) 'n 90-sekonde advertensie ✓✓ **B** (2)
- Suid-Afrika, die tuiste van menslikheid'
- Groei Suid-Afrika

(b)
- SAToerisme se video's is bekend vir hulle aantreklike beelde, musiek en prikkelende frases wat die uniekheid van die Suid-Afrikaanse handelsmerk beklemtoon. Hierdie video's sal besoekers na Suid-Afrika lok. ✓✓
- Die video is deel van 'n nuwe veldtog, deel van SAToerisme se wêreldhandelsmerk-bemarkingstrategie op verskeie platforms. (2)

5.1.3 Suid-Afrikaners sal handelsmerk-ambassadeurs vir die land wees deur uit te lig wat Suid-Afrika kan bied. ✓✓ **B**
Deur toerisme almal se besigheid te maak✓✓ (4)
- Deur ons kleurvolle tradisies te gebruik om internasionale toeriste na die land te lok.
- Deur staat te maak op ons diverse nasie om as trekpleister te dien.
- Die warmte en gasvryheid van Suid-Afrikaners word as 'n trekpleister gebruik om internasionale toeriste na Suid-Afrika te lok.
- Positiewe mondelinge bemarking

**[12]**

## VRAAG 6

6.1 6.1.1 UNESCO is verantwoordelik vir die beskerming, bewaring en ontwikkeling van erfenis. ✓✓ **KE** (2)
- Moedig internasionale samewerking aan in die bewaring van ons erfenis.

6.1.2 Wêreld Erfenisterreine word deur UNESCO aangewys op grond van hulle kulturele, historiese en wetenskaplike belang. Hulle word afgebakende, beskermde sones deur UNESCO. ✓✓ **KE** (2)
- UNESCO voorsien die ondersteuning ten opsigte van opleiding/ noodbystand vir Wêreld Erfenisterreine wat in gevaar is/ bewustheidsaktiwiteite vir bewaring van Wêreld Erfenisterreine.

6.2 6.2.1 A- Barberton Mkhonjwa-berge✓ **KE**
B- Fossiele Hominiede Terreine van Suid-Afrika✓ (2)
- Wieg van die Mensdom
- Maropeng
- Swartkrans
- Sterkfontein grotte
- Kromdraai

6.2.2 C✓✓ KE (2)

6.2.3 Die fasiliteite is gebruik as 'n tronk vir politieke gevangenes van Suid-Afrika se apartheidsregering. ✓✓ KE
Die geboue verteenwoordig vryheid en die oorwinning van demokrasie oor verdrukking. ✓✓ (4)

- Die eiland verteenwoordig 'n terugkeer en oorwinning oor ontbering en teëspoed.

**[12]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

7.1 Die nuwe bestuurder het tatoeëermerke / letsels op sy arms wat nie tot die professionele beeld van die besigheid bydra nie. ✓✓ **TS** (2)
- Die nuwe bestuurder behoort meer formele klere te dra.
- Die nuwe kleredragreël pas by sy posisie by die werk.

7.2 JA. Hy is die eienaar en het die reg om die reëls te maak. ✓✓ **TS**
Hy moet kliëntetevredenheid en winsgewendheid van die besigheid verseker. ✓✓ (4)
- Hy moet verseker dat die voorkoms van die werknemers nie kliënte afskrik nie.

**OF**
NEE. Hy moes ingelig gewees het oor die kleredragreël voordat hy by sy nuwe werk begin het.
Hy het nie 'n voorbeeld gestel oor hoe daar aan kleredragreëls voldoen moes word nie.
Die eienaar wys dalk vooroordeel en diskriminasie teenoor tatoeëermerke.

**Let Wel:** *Aanvaar voorbeelde. Gemotiveerde antwoorde is noodsaaklik*

7.3 Die bestuurder kon die versoek verwerp het as gevolg van vryheid van keuse.✓✓ **TS**
Die bestuurder kon 'n klagte van onregverdige arbeidspraktyke teen die eienaar by die CCMA / die Menseregtekommissie ingedien het. ✓✓ (4)
- Die bestuurder kon homself verdedig het.
- Die bestuur kon die eienaar uitgeskel het.

**Let Wel:** *Aanvaar dialoog wat hierdie reaksies uitdruk.*

**[10]**

### VRAAG 8

8.1 8.1.1 Regerings✓ **VVT**
Die toerismebedryf✓ (2)
- gemeenskappe
- toeriste

8.1.2 (a) Omgewingspilaar✓✓ **VVT** (2)
- planeet

(b) Maatskaplike pilaar ✓✓ **VVT** (2)
- mense

8.1.3 Dit sal verseker dat toeriste verantwoordelik optree wanneer gemeenskappe besoek word. ✓✓ VVT
Dit sal verseker dat toeriste billike pryse vir plaaslike produkte en dienste betaal. ✓✓
Dit sal verseker dat die gemeenskap toerisme as 'n bydraende faktor vir ekonomiese ontwikkeling in die streek ervaar. ✓✓ (6)

- Die kulture en godsdienste van die plaaslike gemeenskappe sal gerespekteer en beskerm word.
- Hulle sal leer hoe om die omgewing te beskerm
- Beleide word in plek gesit en toegepas.

8.2 8.2.1 Korporatiewe Maatskaplike Belegging / Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid ✓✓ VVT (2)

- KMB / KMV
- die maatskaplike pilaar van die Drie-dubbele Slotreël
- volhoubare toerismepraktyke
- spanbou
- Driedubbele Slotreël-benadering
- etiese besigheidspraktyk

8.2.2 Bevorder volhoubare ontwikkeling ✓✓ VVT
Opheffing van die gemeenskap✓✓
Bied geleenthede vir plaaslike gemeenskappe✓✓ (6)

**Let Wel:** *Aanvaar voorbeelde van KMB/KMV inisiatiewe*

**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

### VRAAG 9

9.1 9.1.1 A – Veldbrande /Bosbrande ✓✓ **PSI**
- Natuurlike ramp
- Diere het in die vuur gesterf

B – Die uitbreek van die Corona Virus ✓✓
- Siekte
- Pandemie
- COVID-19 pandemie

C – Vliegtuig is afgeskiet ✓✓ (6)
- Lugramp / neerstorting
- Missielaanval op 'n vliegtuig

9.1.2 As gevolg van die Grendeltyd in sekere lande, kon mense nie reis nie. ✓✓ **PSI** (2)
- Plaaslike en internasionale lughawens is in sekere lande gesluit.
- Sekere sektore van die toerismebedryf het toegemaak.
- Baie werknemers in die toerisme- en gasvryheidsbedryf het hulle werk verloor.
- Toeriste was in ‘n ander land gestrand en kon nie na hul tuistes terugkeer nie.

9.2 9.2.1 Kansellasie of vertragings van alle vlugte. ✓✓ (2)

9.2.2 (a) Gekanselleer - Meeste lande moes hulle grense sluit; lugdienste is nie toegelaat om te land nie en geen passasiers is toegelaat nie. ✓✓ **PSI** (2)
- Lande het Grendeltyd ingestel as gevolg van die Covid-19-pandemie en daar was geen geweging van mense nie.

(b) Vertraag – Sommige lugdienste moes vir die nodige magtiging en bekragtiging vir opstyg- en landingsregte wag. ✓✓ **PSI** (2)
- Lang rye by die aanmeldtoonbanke as gevolg van nuwe siftingsprosesse en veiligheidsregulasies.

9.2.3 Sommige lugdienste moes sluit as gevolg van 'n verlies aan inkomste en winste as gevolg van die kansellasie van vlugte. ✓✓ **PSI**
Sommige lugdienste moes staatmaak op besigheidsreddings-pakkette van regerings of privaatbeleggers om nog besigheid te doen na die massa-kansellasie van vlugte. ✓✓
Sommige lugdienste moes personeel verminderingspakkette instel / vlugpersoneellede het hul werk verloor. ✓✓ (6)
- Sommige lugdienste het hulle besigheidbedrywe herstruktureer om kostes te bespaar.
- Gegronde vlugte as gevolg van die inperkingsregulasies het tot die verlies aan werknemer-inkomstes gelei.

9.3.1 Nederland✓✓ PSI (2)

9.3.2 Suid-Afrika moet buitelandse toeriste verseker dat die COVID-19 besig is om af te neem. PSI
Toegangspoorte na die land, toerismebesienswaardighede en toerismebesighede hou by die veiligheidsprotokol wat ingestel is om 'n COVID-19-vrye omgewing te verseker. ✓✓
SAToerisme kan hulle bemarkingsinisiatiewe fokus oor hoe die nasie daarin geslaag het om die virus te oorkom. ✓✓ (6)

- Moedig internasionale toerismebesighede met Suid-Afrikaanse bande en takke aan om beloningspakkette vir reise na Suid-Afrika aan te bied.
- Suid-Afrika kan hulle sukses om die siekte te oorkom, in die belangrikste buitelandse bronmarkte publiseer.
- Verseker dat beide Suid-Afrikaanse en internasionale toeriste die COVID-19 protokols volgens regulasies nakom.

**Let Wel:** *Aanvaar die uiteengesette opsies in leerder paragraaf antwoorde.*

**[28]**

## VRAAG 10

Terugvoer deur van elektroniese toestelle gebruik te maak ✓✓ KK

- Sosiale media platforms
- Internet
- Selfone

**Let Wel:** *Aanvaar voorbeelde van webgebaseerde metodes.* **[2]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOT TOTAAL: 200**

**

Kopiereg voorbehou